# JUNIE-EKSAMEN

# GRAAD 11

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## VRAESTEL 3

## JUNIE 2015

PUNTE: 100
TYD: 2 UUR

**Hierdie VRAESTEL bestaan uit 7 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

**INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (30 PUNTE)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan en informatiewe tekste (20 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (deur bv. die gebruik van 'n breinkaart / diagram / vloeidiagram / sleutel woorde, ens), redigeer en proeflees. Die planning moet voor elke teks verskyn.

   **VOORBEELD:**

| | **LINKERBLADSY**<br>**BEPLANNING/REDIGERING**<br>**<u>Kan</u>** só lyk | | | **REGTERBLADSY**<br>**FINALE PRODUK** | |
|---|---|---|---|---|---|
| | <br>Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf. | | **1.2.** | Byvoorbeeld:<br><br>**Die sokkerwêreldbeker** | |

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en ingehandig word. Dit is raadsaam om 'n streep te trek deur die beplanning.

7. Jy word sterk aangeraai om jou tyd met die beantwoording van elke afdeling as volg te verdeel:

   - 70 minute aan Afdeling A
   - 30 minute aan Afdeling B
   - 20 minute aan Afdeling C.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 200 – 250 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1 Die beste ding wat ooit met my gebeur het! **[50]**

1.2 Ek is bang vir… **[50]**

1.3 En toe ek om die draai kom toe… **[50]**

1.4 Dinge waarvan ons as tieners hou. **[50]**

1.5 Die redes hoekom kinders nie meer biblioteek toe gaan nie is omdat… **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband tussen die osptel en die prent wat jy gekies het wees.

1.6.1



**[50]**

1.6.2



**[50]**

1.6.3



**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

## VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120 – 150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **FORMELE BRIEF**

Jy het deur al die moeite gegaan om jou selfoondiensverskaffer te verander van *Vodacom* na *Cell C* omdat hulle *Whatsapp* as "verniet" adverteer. Jou databundelgebruik wys dat daar wel van jou data gebruik word met "*Whatsapp*"

Skryf ‘n **formele brief** aan *Cell C* waarin jy antwoorde oor die sitausie wil hê. **[30]**

2.2 **AGENDA EN NOTULES**

Jy is die sekretaris/sekretaresse van die Graad 12 se matriekafskeidkommitee.

Doen die **agenda** wat aan die ander lede gegee is VOOR die vergadering en die **notules** wat geneem is GEDURENDE die vergadering. **[30]**

2.3 **ONDERHOUD**

‘n Bekende sportster het julle skool besoek en jy is gevra om ‘n onderhoud met die persoon te voer vir julle skoolkoerant.

Skryf die **onderhoud** wat jy met die persoon gehad het. **[30]**

2.4 **HULDEBLYK**

Een van jou klasmaat is oorlede in ‘n ongeluk en jy is gevra om die klas by die begrafnis te verteenwoordig.

Skryf ‘n **huldeblyk** oor hom/haar wat jy by die begrafnis gaan lewer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

- Kies EEN onderwerp en skryf 80 – 100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die opskrif van die teks wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy moet tandarts toe gaan vir jou ses-maandelikse ondersoek.

Maak ‘n **dagboeninskrywing** oor TWEE dae soos volg:

- Jou gevoelens die dag VOOR jy na die tandarts toe gegaan het.
- Jou gevoelens die dag NA jy na die tandarts toe gegaan het. **[20]**

3.2 **UITNODIGING**

Jy is die reklamebeampte van die Graad 12 se matriekafskeidkommitee.

Ontwerp die **uitnodiging** wat julle aan die Graad 12 leerders gaan gee vir die matriekafskeid. **[20]**

3.3 **POSKAART**

Jy hou heerlik vakansie in Mpumalanga en wil graag jou ma en pa bedank vir die geleentheid.

Ontwerp en skryf ‘n **poskaart** waarin jy hulle bedank.
Jy moet die poskaart hieronder oortrek in jou antwoordboek. **[20]**



**TOTAAL AFDELING C: 20**

**VRAESTEL TOTAAL: 100**